

KOERSVAS

Jaargang 6 Uitgawe 137 1 Junie 2018

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte en Kennisgewings

REDAKSIONEEL

Sol lucet omnibus

Ons mense is darem maar vreemd. Gelukkig dink ons nie almal dieselfde nie. Die groot meninglose middel se denke en opinies word na verskillende kante getrek. Dit is nie dat hierdie middelmassa nie dink nie, dit is net dat hulle nie werklik diep dink of leer om te dink nie. Hulle ore is dan oop vir al wat 'n menings-woord is. Deur die eeue het dit tot 'n pendulum-swaai in gemeenskapsdenke gelei.

Die behoudende denkers en die liefhebbers van prosesse ding mee om die steun van die massas. Hierdie pendulum-swaai in denke kan maklik illustreer word. Die gemeenskap se denke rondom byvoorbeeld seksualiteit het beweeg van uiters eng tydens die Victoriaanse era, na die sedelose losbandigheid van die laat Sestigers. Ons weet dit is 'n pendulum beweging omdat argeologiese data wys dat daar al tye was waarin ander benaderings dominant was.

Die twee benaderings is eintlik op twee fondamente gebou. Daar word deur sommiges gepraat van fondamentalisme. Dit verwys na die basis waarop denke, nadenke en beginsels gebou word. Die een fondament bestaan uit beginsels en onveranderlike waardes. Die ander



fondament bestaan uit gevoelens, prosesse en groei. Mense het by benadering een van hierdie fondamente as basis ten opsigte van hulle denke, dikwels sonder dat hulle dit besef. Ons weet nie eens hoe mense by hulle fondamente uitkom nie. Dit is nie geneties bepaald nie, dit is nie eie aan een volk, nasie of geslag nie. Uit meningspeilings en navorsing blyk die verdeling so om die helfte te wees.

Diegene wat beginsels (objektivisme) voorstaan, word meestal as behoudend ervaar.

Diegene wat glo in prosesse en verandering (subjektivisme), word gekenmerk deur 'n openheid ten opsigte van verandering. In politieke terme sou ons kon praat van regs en links. Daar word nie altyd net in hierdie terme na die denke van groepe verwys nie. Taal kan ook manipuleer word om 'n sekere sentiment oor te dra. So kan iemand wat behoudend is, skielik as verkramp voorgehou word en 'n liberale denker as 'n verligte persoon.

In 'n behoudende gemeenskap sou dieselfde 'verkrampte' as beginselvas voorgehou word en die 'verligte' as beginselloos, sonder ruggraat. Daarmee saam skuif sentiment ook. In een era kan sosialis 'n skelwoord wees. Net om in vandag se tye as 'n deernisvolle humanis

beskryf te word. Dieselfde woord met ander woorde, net aan 'n ander emosie gekoppel. Die twee groot stimuli wat teen mekaar kompeteer (objektiwiteit en prosesse) lewer uiteenlopende resultate. Die liberalisme se benadering tot sportdeelname en prestasie in skole word deur die sosialisme en humanisme aangevuur. Almal moet 'n prys wen. Massadeelname word aangemoedig. Elke persoon moet een of ander toekenning ontvang. Die behoudende groep erken die besondersheid van 'n prestasie en streeve na uitnemendheid.

Albei benaderings het meriete, die liberalisme moedig deelname aan, maar maak dat toekennings hulle waarde verloor. Die behoudendes streef na uitnemendheid maar die resultaat is dat diegene wat nie bo uitkom nie, moedeloos kan raak en selfs met grieve kan saamlewe.

Die vraag is net of ons werklik ten volle moet kies vir een van die twee benaderings. In 'n gebroke wêreld kan dit nie anders as dat ons moet erken dat nie een van die twee alle waarheid in pag kan hê nie. Die Nagmaal-formulier stel dat God aardse brood en lewe aan alle mense gee. Die son skyn op almal. Al sou sommige mense probeer om al die son se strale op te vang, is dit so dat die son se strale nooit wegneem kan word nie.

Daar is geen noodsaaklikheid dat een perspektief moet seëvier nie. Ons moet eerder bewus word van die fondamente waarop ander se denke berus. Ons hoef dit nie te verwerp, hulle stil te maak en ons perspektief tot god te verklaar nie. Kom ons gun mekaar die vryheid van eie oortuigings. Laat die son oor almal skyn - *Sol lucet omnibus*

BERIGTE EN KENNISGEWINGS

BONDSVERGADERING

Die jaarlikse Bondsvergadering vind hierdie jaar te Pietersburg plaas van 2-4 September 2018. Gemeentes word daaraan herinner om hulle Geloofsbriefe voor 8 Junie 2018 by die Skriba in te handig. Beskrywingspunte moet op dieselfde datum ingestuur word. Die GHG dagbestuur se Agenda-vergadering vind plaas op 15 Junie 2018.

GELOOFSBONDPREKE

Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar is elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op ons webwerf op die internet beskikbaar. Gaan na <http://www.geloofsbond.org.za/>

Daar is ook weekliks nuwe preke op whatsapp beskikbaar. Kontak Ella Joubert by 082 564 1915 en sy sal u onmiddellik by die **preek-whatsapp groep** voeg.

BLOEMFONTEIN

1 April 2018 het Bloemfontein gemeente twee nuwe kerkraadslede bevestig. Ons groei, stadig, maar ons groei.



Diaken Huibré Lombard Ds Lewis Strauss Ouderling Des Lombard

GELOOFSBONDKWILT 3 (2018)

Kontak Ansie Steyn van Oostelike Pietersburg by 083 630 1107 vir u gemeente se lootjie vorms. Alle lootjievorms moet

asseblief voltooid in wees **voor einde Junie**. Elke Bondsgemeente se dames word uitgenooi om lootjielyste te neem en saam betrokke te wees by die fondsinsameling. Sodoende dra u by tot die opleiding van die Geloofsbond se jong teologie studente.

LEWENSBROOD 2019-2020

Daar word ywerig geskryf aan die dagstukkies vir ons volgende Lewensbrood. Die instuurdatum is om die draai. Intussen ontvang die Redaksie gereeld boodskappe waarin dank en waardering oorgedra word ten opsigte van die dagstukkies in die 2018-2019 uitgawe. Op ons beurt - ons dank aan al die toegewyde predikante wat tyd inruim om te skryf.

OORNAG FASILITEITE

Villa Stoney B+B

Oornag in die rustigheid van die Bosveld !

Slegs 5 km van die Zambezi Tolhek

- naby hospitaal en besighede- Langtermyn akkommodasie ook beskikbaar in gemeubileerde kamers

Etes en wasgoed op afspraak

Ontbyt of kospakkies is altyd ingesluit by

Villa Stoney

Kontak Ina Steenkamp vir navrae en besprekings

0829082831

auri@mweb.co.za.

DRUKWERK

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke
- Dames Kwitansieboeke
- Konsistorie boeke
- Reklame plakkate en ander drukwerk

ella@teamworkprinters.com

Hervormde Gemeente Roedtan

ter waarde van

BILTONG JAG R50 000

*Prys nie verhandelbaar of oordraagbaar nie!

Beoordelaars trekking is finaal en op 10 Junie 2018



AKKOMMODASIE - SELFBEDIENING:

- Lugregeling • verhitte swembad • braaigeriewe
- volledige kombuisgeriewe • vries- en yskas • ysmasjien
- DSTV • skoonmakers • gitse • oplaai & afslag van wild.
- Koelkamer geriewe - alles vir u gerief !!

Jagpakket:

11-15 Julie 2018

**Verblyf vir 10 persone vir
5 dae by Harlou Jagpleas
- Roedtan**

1 x Blouwildebees

2 x Rooibokke

2 x Blesbokke

2 x Vlakvarke

1 x Rooihartebees

Koste per Kaartjie:

R60